



KWAZULU-NATAL PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

REKENINGKUNDE
GEMEENSKAPLIKE TOETS
SEPTEMBER 2023

PUNTE: 100

TYD: 1½ Uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye, ingeslote 'n formuleblad
en 'n antwoordboek van 7 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word voorsien van 'n vraestel en 'n SPESIALE ANTWOORDBOEK.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** vrae wat verpligtend is. Beantwoord AL die vrae.
3. Gebruik die gegewe formaat in die antwoordboek om jou antwoorde weer te gee.
4. Waar van toepassing, moet berekeninge getoon word om gedeeltelike punte te verdien.
5. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word. Rond af tot **EEN** desimale plek waar nodig.
6. Jy mag 'n donker potlood of 'n blou/swart pen gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Gebruik die inligting in onderstaande tabel as 'n gids wanneer jy die vrae beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Staat van Finansiële Posisie en Tasbare/ Vaste Bate Nota	56	50
2	Verhoudingsberekening	19	17
3	Vertolking van Finansiële Inligting	25	23
TOTAAL		100	90

**VRAAG 1: VASTE BATES, STAAT VAN FINANSIËLE
POSISIE****(56 punte; 50 minute)**

Die volgende inligting het betrekking op Old Trafford Traders. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig.

OPDRAG:**1.1 Met verwysing na die Inligting B.**

Bereken die ontbrekende bedrae van **(i)** tot **(iv)**. (18)

1.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2023.
Toon berekeninge in hakies. (38)

INLIGTING:**A. Bedrae geneem uit die boeke op 28 Februarie 2023:**

Balansstaatafdeling	R
Kapitaal	4 400 000
Onttrekkings	215 000
Vaste bates (drawaarde) (Inligting B)	?
Lening van Bule Bank (Inligting H)	?
Handelsvoorraad	686 881
Handelsdebiteure	67 200
Vaste deposito: Zuma Bank	1 199 650
Bank (gunstig)	180 000
Kleinkas	10 000
Wisselgeld	17 700
Krediteurekontrole	184 000
Nominale afdeling (vooraansuiwerings bedrae)	
Versekering	30 200
Huurinkomste	108 450
Water en elektrisiteit	42 000

B. Vaste bates:

	GROND EN GEBOU	VOERTUIG	TOERUSTING	TOTAAL
Kosprys		350 000	460 000	
Opgehoopte waardevermindering		(215 000)		
Drawaarde (01/03/2022)	(i)	135 000		
Bewegings:				
Toevoegings	325 000	422 550	0	
Waardevermindering		(ii)	(13 766)	
Drawaarde (28/02/2023)	2 550 000	(iii)	50 994	(iv)
Kosprys		772 550	460 000	
Opgehoopte waardevermindering				

- Waardevermindering op voertuig word bereken op 20% p.j. op die kosprys.
- Die nuwe voertuig is gekoop op 1 September 2022.

- C.** Die huur vir Februarie 2023 is nog nie ontvang nie. Die huur het met R1 350 op 1 Julie 2022 vermeerder.
- D.** Die water en elektrisiteitsrekening vir Februarie 2023, R5 600, is nog uitstaande.
- E.** 'n Addisionele versekeringspolis is uitgeneem op 1 November 2022. Die jaarlikse premie van R10 200 is betaal en aangeteken. Maak voorsiening vir die vooruitbetaalde versekering.
- F.** Maak voorsiening vir oninbare skuld van R270.
- G.** Netto wins vir die jaar, R518 000, is bereken nadat al bostaande aansuiwerings in ag geneem is.
- H.** Uittreksel uit Bule Bank se leningstaat:

Saldo op 1 Maart 2022	R376 000
Paalemente (insluitend rente)	R92 000
Rente gekapitaliseer	R48 000
Saldo op 28 Februarie 2023	?

I. NOTA:

- R50 000 van die saldo op die lening sal in die volgende finansiële jaar betaal word.

- J.** R 170 000 van die vaste deposito sal verval in die volgende finansiële jaar.

VRAAG 2: VERHOUDINGSBEREKENINGE**(19 punte; 17 minute)**

Die volgende inligting het betrekking op Madrid Traders, 'n onderneming waarvan die eienaar Dr. Phakathi is. Die finansiële eindig op die laaste dag van Februarie elke jaar.

2.1 Bereken die finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023:

2.1.1 % Bruto wins op koste van verkope (4)

2.1.2 % Bedryfsuitgawes op verkope (3)

2.1.3 Bedryfsverhouding (3)

2.1.4 Vuurproefverhouding (4)

2.1.5 % Opbrengs op gemiddelde eienaarsekwiteit (5)

INLIGTING VAN Madrid Traders:

A. Inligting uit die Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2023:

Verkope	R20 605 000
Bruto wins	7 925 000
Bedryfsuitgawes	2 408 000
Bedryfswins	5 517 000
Rente inkomste	441 000
Rente uitgawe	749 000
Netto wins vir die jaar	5 209 000

B. Inligting uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie:

	2023	2022
Vaste bates	R11 835 100	R10 658 000
Bedryfsbates	3 045 600	2 560 250
Handelsvoorraad	1 250 000	985 900
Handels- en ander ontvangbares	948 700	1 050 250
Kontant- en kontantekwivalente	846 900	524 100
Totale Bates	14 880 700	13 218 250
Eienaarsekwiteit	9 900 700	7 152 500
Lening: Mlosthwa Bank	3 000 000	4 500 000
Bedryfslaste	1 980 000	1 565 750
Totale Ekwiteit en Laste	14 880 700	13 218 250

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE
INLIGTING****(25 punte; 23 minute)**

Jy word voorsien van finansiële aanwysers vir HLOPHE Stores en AMABHELE Traders, twee besighede geleë in die besige dorp Pongola. Beide besighede verkoop skoolmeubels en skryfbehoeftes. Hulle finansiële jaar eindig op 30 Junie elke jaar.

INLIGTING:

A. Finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 30 Junie.

Finansiële aanwysers	HLOPHE Stores		AMABHELE Traders	
	2023	2022	2023	2022
Bedryfsverhouding	0,9:1	1,2:1	2,3:1	2,1:1
Vuurproefverhouding	0,6:1	0,8:1	1,5:1	1,1:1
Solvensie verhouding	3:1	2,5:1	2,8:1	2,3:1
Bruto wins op verkope	55%	52,4%	60%	57,5%
Bruto wins op koste van verkope	67%	62,5%	75%	60,7%
Bedryfsuitgawes op verkope	25%	30%	27%	20,3%
Bedryfswins op verkope	19,3%	17,5%	13,7%	15,6%
Netto wins op verkope	11,7%	10,5%	8%	9,9%
Opbrengs op gemiddelde eienaarsekwiteit	24,8%	29,6%	10%	13%
Rentekoers op vaste deposito	12%	12%	12%	12%

NOTA: Waar kommentaar of verduidelikings verlang word, haal finansiële aanwysers, syfers en neigings aan om jou antwoord te ondersteun.

OPDRAG:**3.1 HLOPHE Stores**

3.1.1 Lewer kommentaar of die besigheid sy uitgawes effektief beheer het, en dus meer wins gemaak het. Haal aan en verduidelik met TWEE toepaslike finansiële aanwysers. (6)

3.1.2 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die besigheid met TWEE toepaslike finansiële aanwysers. (6)

3.2 AMABHELE Traders

3.2.1 Die besigheid het 'n winsopslag persentasie-teiken van 80% op die kosprys. Haal EEN finansiële aanwyser aan en verduidelik of die besigheid hierdie teiken bereik het. (3)

Verduidelik EEN rede wat die besigheid mag verhoed om hierdie teiken-winsopslag te bereik. (2)

3.2.2 Lewer kommentaar op die graad van solvensie van die besigheid. Haal EEN toepaslike aanwyser aan. (3)

3.2.3 Verduidelik of die eienaar tevrede behoort te wees met die opbrengs op eienaarsekwiteit. Haal aan, en verduidelik EEN toepaslike aanwyser om jou opinie te ondersteun. (5)

TOTALE PUNTE: 100

Aanhangsel A**FORMULEBLAD VIR GRAAD 10**

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	Bedryfsbates - Voorraad : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates : Totale laste	